Wêreldwye standaard vir veilige luisterplekke en -geleenthede

WORLD HEARING FORUM

Wat is veilige luister?

Veilige luister verwys na gewoontes en gedrag wat jou toelaat om musiek te geniet terwyl jy jou risiko van onomkeerbare gehoorskade verlaag.
Veilige luistergewoontes kan gehoorverlies voorkom.

Wat is die wêreldwye standaard vir veilige luisterplekk e en -geleenthede?

Die WGO het ‘n stel bewysgebaseerde aanbevelings ontwikkel om die risiko van gehoorverlies by mense wat vermaaklikheidsplekke en -geleenthede besoek, te verminder. Dit is in reaksie op die groeiende kommer oor gehoorverlies wat deur harde geluide veroorsaak word.

Die standard bestaan uit ses kenmerke wat van toepassing is op lokale soos nagklubs, diskoteke, kroeë, konserte en feeste.

Waarom is veilige luister belangrik vir lokale en geleenthede?

Gehoorverlies wat deur harde klanke veroorsaak is, is permanent.

1.1 miljard

jongmense loop die risiko om gehoorverlies te hê as gevolg van onveilige luisterpraktyke.

40%

van mense tussen die ouderdomme van 12-35 in hoë- en middelinkomstelande word aan skadelike klankvlakke in vermaaklikheidsplekke blootgestel.

Ses kenmerke van die veilige luister

1. Beperking van klankvlakke

‘n Maksimum limiet van 100dB $L_{Aeq\ vir\ 15\ minute}$* word voorgestel, wat klank veilig en aangenaam maak vir die gehoor

2. Monitering van klankvlakke

Regstreekse monitering en opname van klankvlakke met behulp van gekalibreerde meettoerusting deur aangewese personeellede.

3. Optimalisering van die akoestiek van die lokaal asook die klankstelsels

Die klankstelsel en lokaal se akoestiek moet geoptimaliseer word om genotvolle klankgehalte en veilige luistervlakke vir almal te verseker.

*$L_{Aeq\ 15\ mins}$ is die gemiddelde klankvlak gemeet oor vyftien minute.

Hoe kan die veilige luisterstandaarde vir lokale en geleenthede gebruik word?

Regerings

Kan wetgewing of regulasies ontwikkel wat dan vir nakoming gemonitor word, saam met veilige luister bewusmakingsveldtogte.

Eienaars/bestuurders van lokale en geleenthede, bedryfsverenigings

Kan die standaard aanvaar en op vrywillige basis implementeer.

Opvoedkundige instellings vir musikante en akoestiese ingenieurs

Kan ‘n veilige luistermodule insluit wat fokus op die behoefte van die standaard asook die rasionaal, voordele en kenmerke.

Wat is die voordele van die implementering van die veilige luisterstandaarde by lokale en geleenthede?

Regerings

Gehoorverlies is ‘n groeiende wêreldwye openbare gesondheidskwessie. Die voorkoming daarvan sal help om die behoefte aan gehoorsorg te verminder, lewenskwaliteit te verbeter en produktiwiteit te verhoog.

Eienaars/bestuurders van lokale en geleenthede, bedryfsverenigings

Om kliënte se gehoorgesondheid te respekteer en hul luisterervaring te verbeter, maak goeie finansiële sin vir ‘n bedryf wat staatmaak op hul vermoë om te hoor.

Akoestici, ingenieurs, musikante, geleentheidsorganiseerders en ander

Dit sal die gevaar van gehoorskade by beide, die gehore en diegene wat by sulke lokale en geleenthede werk, verminder.

4. Die beskikbaarstelling van persoonlike gehoorbeskerming

Gehoorbeskerming soos oorpluisies (met instruksies) moet beskikbaar wees vir gehoorlede.

5. Toegang tot stil sone(s)

Stil sones gee lede van die gehoor die geleentheid om hul ore te rus en verminder die risiko van gehoorskade.

6. Voorsiening van opleiding en inligting

Personeel en gehoorlede moet ingelig word oor praktiese stappe wat hulle kan neem om veilige luister te verseker.

Wat kan jy doen om veilige luister by lokale en geleenthede te bevorder?

Die burgerlike samelewing kan ‘n deurslaggewende rol speel in die bewusmaking van die veilige luisterstandaard en om die implementering daarvan te bepleit onder regerings, eienaars/bestuurders van lokale en geleenthede, en die personeel wat by sulke lokale en geleenthede werk.

Luister met sorg vir lewenslange gehoor!
Maak luister veilig

Adapted from @World Health Organization, WHO/UCN/NCD/SDR 21.1
Translated by Prof Karin Joubert, University of the Witwatersrand. South Africa.
Member of the World Hearing Forum

WORLD HEARING FORUM